# WYSHEID IS …

Jakobus 1:1-8

‘n Tamatie – vrug of groente? Verskil tussen kennis en wysheid …
Maar dis nie wat ons verlede Sondag gehoor het nie. Die preek het juis oor wysheid gehandel. As ek reg het, het dr Smith ons toe daarop gewys dat wysheid volgens die Bybel is **om God se plan vir die wêreld te ken en daarby in te val**. As ek as *eggenoot* byvoorbeeld inval by God se plan, is ek ‘n wyse eggenoot. Netso as ek as ouer, kind, landsburger, werkgewer of werknemer inval by God se plan, is ek wys. Dis natuurlik nie altyd so **maklik nie**. Daarom kry ons die uitnodiging in Jakobus om vir die nodige wysheid *te bid*. Hierdie wysheid is egter die moeite werd om voor moeite te doen en voor op te offer, want dis kosbaarder as goud of wat anders ookal vir jou van groot waarde is: *“Dit het meer waarde as edelstene; wat jy ook al as kosbaar beskou, niks kan daarmee vergelyk word nie.”* (Spr 3:15)

Ek het my na verlede Sondag die vraag afgevra **wat dit vir ons as kerk en kerklidmate beteken?** Wanneer tree ons met wysheid op? Dit is tog die heel eerste plek waar ‘n mens wysheid sou verwag – by mense wat bely dat God en sy koninkryk vir hulle eerste kom. **Tree ons met wysheid op?**
Dit sal **afhang**, so het ons gesien, of ons inval by God se plan.

GOD SE PLAN?
**Waar kry ons hierdie plan ter insae?**
God het dit aan ons bekend gemaak in die **Bybel.** Dit **begin** waar ons lees dat God die mens as sy verteenwoordiger en sy beelddraers geskape het. Van daar af leer ons hoe dat dit moet gebeur en veral hoe dat dit NIE gebeur nie, totdat ons kom by Jesus Christus, die volmaakte beelddraer en verteenwoordiger van God. Daarvandaan verder lees ons hoedat ons volgelinge van Hom kan word en hoe dat sy volgelinge hulle moet gedra. **Ons kan dus sê wysheid is om Christus te volg en wanneer ‘n mens Hom volg, maak Hy jou wys.**

**Ons kan God se plan vir die kerk in drie punte opsom**: Aanbidding, Opbou en Uitbou.

1. AANBIDDING: Christene moet God afsonderlik en saam as God aanbid, vereer, loof en prys en dankie sê (1 Kor 10:31; Rom 14:8)). **Sondae se erediens** is die **hoogtepunt** daarvan. Ons kom na die ERE-diens om vir God te EER - NIE in die eerste plek om ‘n boodskap te kom ontvang nie. Hierdie kerkgebou behoort elke Sondag stampvol te sit met volgelinge van Jesus wat aan God die eer en die lof en die dank wil bring vir Sy seëninge op tydelike en veral op geestelike gebied. Ons is sulke bevoorregte mense dat ons nie een Sondag behoort te wil oorslaan deur liewers ander afsprake na te kom of ander dinge te doen nie. Dit behoort vir ons die **belangrikste afspraak** van die hele week te wees! En al het ek ‘n moeilike week gehad, leer die Bybel ons om nog altyd bly te wees saam met die wat bly is.
Natuurlik duur die erediens **heel week voort.** Die veronderstelling is tog nie dat ons Hom NET hier in die kerkgebou sal loof en aanbid nie. Die kerkgebou is nie meer soos die tempel van ouds die enigste plek waar ons God kan ontmoet nie. Maar hier het Hy ‘n afspraak met ons as huisgesin, almal saam, as een groot familie.
**Dis God se plan. Wie wys is, val daarby in. Wie daarby inval, is wys**.

*"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."* (Hebr 10:25)

2. OPBOU: As God se beelddraers moet ons tweedens almal **groei in geestelike volwassenheid**. Ons geloof moet opgebou word om Hom met waardigheid te kan verteenwoordig. Dit is die tweede ding wat God wil hê in die gemeente moet gebeur (Ef 4:16). Soos die liggaam kos nodig het om te kan groei en sterker word, het ons gees nodig om geestelik gevoed te word. Dit gebeur in die erediens deur die prediking, gebede en sakramente. Dit gebeur in die kategese en Bybelstudies en selgroepe. **God se beeld is iets wat in ons moet groei. Wie van hierdie groeigeleenthede gebruik maak, is wys in die oë van God.**
Deur *aktief vir die Here te werk* word ons geloofspiere opgebou.
Ons word ook opgebou deur die *opmerkings en optrede* van medegelowiges. Dit is deel van God se plan vir elke lidmaat – dat ons **mekaar sal opbou**. Daarom is daar soveel tekste wat sê AANVAAR mekaar, BID vir mekaar, DRA mekaar se laste, SPOOR mekaar aan, DIEN mekaar. So bou ons mekaar op. So word ons 'n sterker span. Want as een lid ly, ly al die lede saam. VERDRA en VERGEWE mekaar is ook deel van God se plan.
**Wat is jou bydrae in die Constantia span? Help jy ons om 'n sterker span te word? Of gee jy net om vir jouself? Of erger nog: Is jy besig om ander deur jou kritiek en optrede eerder af te breek as op te bou?**
Wyse mense maak seker dat hul woorde en dade **altyd opbouend** van aard is. Hulle sal eerder WAARDEER as BLAMEER. As jy hiermee sukkel, onthou die uitnodiging: *As iemand wysheid nodig het, laat hy/sy dit van God bid* (Jak 1:5).

3. UITBOU: **God se plan eindig nie by ons nie. Sy eer moet uitgedra en verkondig word**. Sy plan moet uitgeleef word sodat meer-en-meer van sy skepsele daarby sal inval (Hand 1:8).

*"Ja, 'n groot verloste skare*
*sien ons op sy roepstem kom;*
*groter groei dit met die jare-*
*alle volke huldig Hom!*
*Kinders by hul Vader tuis;*
*Vreugde, oral, vul sy huis!*" (LB 523:2)

God roep ons *uit* die wêreld na Hom toe en stuur ons dan weer *terug* na die wêreld om daar sy getuies te gaan wees. **'n Gemeente se taak is nie afgehandel** wanneer sy gesorg het dat daar gereeld eredienste en kategese plaasvind en daar na die gemeente se jeug en bejaardes en beproefdes omgesien word nie. Ons het ook 'n verantwoordelikheid en roeping teenoor hulle wat NIE aan die gemeente, selfs aan GEEN gemeente nie, behoort nie. In die noorde is daar 'n gemeente met die naam *"Kerk-sonder-grense"* om juis aan hierdie aspek uitdrukking te gee. Wat verantwoordelikheid betref, het hierdie gemeente ook nie grense nie.
Daarom is ons betrokke by BADISA, RUSOORD, WESTLAKE, IMIZAMO YETHU, BETHESDA hier in ons omgewing. Daarom ondersteun ons sendelinge wêreldwyd. **DIE JAO-aksie is ons almal se aksie.** Dis deel van God se plan vir sy kerk dat daar sulke aksies sal wees. *Wie daarby betrokke is, is wys. Wie wys is, sal daarby betrokke wees.* Maak nou-al seker dat u die **Getuienisfeesnaweek** oor drie weke hier is. Kom bid **vanaand** saam vir die bereiking van die onbereiktes. **Wysheid is om in te val by God se plan en God se plan is dat die wêreld sal glo!** (Joh 17:21)

SAMEVATTING

AANBIDDING, OPBOU EN UITBOU**.** **Offers** sal dit vra. Jakobus verwys daarna as *allerlei beproewings, geloofstoetse* (1:2,3). Deur egter te volhard, kom ons tot **geestelike rypheid** (:4). Dan vertoon ons God se beeld duideliker.

Ek het die vakansie iewers die vraag gesien en baie daaroor nagedink: ***"Wat offer jy op ter wille van jou geloof?"***

Die NAGMAAL **herinner** ons vandag aan die offer wat Christus ter wille van ons gebring het. Hy het Sy liggaam vir ons gebreek en Sy bloed vir ons laat vloei.

*"Die nagmaal herinner jou nie net aan wat* ***Jesus vir jou*** *gedoen het nie, maar ook aan wat* ***jy vir Hom*** *moet doen."* (Bybellennium – Joh 6)

Al vra dit offers, is dit altyd die moeite werd, want wysheid is kosbaarder as die kosbaarste!

Amen

2 Augustus 2009